Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel VII. 16 MEI, 1952. No. 4.

# INTERESSANTE A.S.B. PROGRAMVERGADERING

## Dr. de Villiers lewer skitterende rede

## IS SUID-AFRIKA KULTUREEL ARM?

**Die lede van die A.S.B. het op Donderdag 8 Mei die voorreg gehad om na 'n hoogs interessante rede deur dr. de Villiers te luister. Die onderwerp: „Die kultuurarmoede by die Afrikaner," het die gehoor so geïnteresseer, dat 'n mens bykans 'n speld kon hoor val solank die spreker besig was om deur 'n uitstekende voordragstyl almal te boei.**

**Dr. de Villiers** het eerstens verduidelik, deur agt punte te noem, wat hy onder kultuur verstaan. Kultuur is o.a. nie natuurlik nie, hoewel dit uit die natuur van die mens voortspruit. Kultuur verskil van tegniek omdat by tegniek die utiliteitsbeginsel oorheers. By kultuur daarenteen is dit die mens se drang tot skepping van iets ewigs wat tot uiting kom. Die mens maak deur kultuur vir hom 'n monument. Kultuur is 'n drang na selfekspressie —n drang na 'n ideaal wat nooit bereik kan word nie. . Van groot belang is die dialogiese faktor by die kultuur: dit moet nie net tot die skepper daarvan spreek nie, maar moet tot almal spreek—dit moet reaksie uitlok. Die mens moet homself eers kultiveer, sy gees verfyn, en eers dan kan ons praat van 'n gekultiveerde volk.

**Suid-Afrika word daarvan beskuldig dat hy kultureel arm is. Is dit so? Hierdie vraag is deur spreker as „ja" beantwoord en bewys. Hy het ons kulturele lewe gemeet aan die agt eise en gevind dat ons aan slegs ongeveer die helfte van die eises voldoen.**

Die Afrikaner het hom so by die natuur aangepas dat hy natuurkind bly. Ons is te vry. Die buitelander kan meesal nie na die natuur ontvlug nie en word dus feitlik gedwing om binnemuurs te bly en te skep. Die Afrikaner is 'n praktiese mens en bepaal hom dus meer by die tegniese. Ons geniet die natuur en sal dus nie soos die buitelander, 'n drang ontwikkel om hierdie skoonheid self te skep nie. Daarvoor is ons te prakties. Ons skilderkuns bly dus agter. Ons liefde gaan uit na die fisiese en nie na die gees nie. Ons onderdruk die emosie. Uit die streng godsdienstige mense het geen godsdienskuns ontstaan nie. Gryp ons godsdiens ons dan nie diep genoeg aan nie?

Ons Afrikaners besit nie die verfyndheid van gees nie. Ons dink dit is heiligskennis om jouself te probeer verander. Ons is te geneig om na te boots. Ons meet iemand volgens sy grade en titels. Ons heg te veel waarde aan die skyn. By die oorname van vreemde kultuur is ons oordrewe en belaglik. Kultuur is nie iets wat oorgeneem kan word nie. Wees jouself en jy kan jouself kultiveer. Ons steur ons te veel aan die politiese stryd. Ons wil net altyd afbreek en nooit bou nie. Die Engelse met hul meerderwaardigheidskompleks het ons 'n minderwaardigheidskompleks besorg. Ons moes te veel ly en moes te veel knoue deurstaan. Nou is ons skaam of bang of sku om na vore te kom.

Op vrae aan hom gestel het dr. de Villiers ewe interessant en oortuigend geantwoord. Hy het onder andere in een van sy antwoorde daarop gewys dat ons te geneig is om van Calvyn 'n onfeilbare wese te maak.

* * * *

As studente wens ons **dr. de Villiers** hartlik te bedank en te verwelkom. Ons hoop dat ons hom nog meermale sal te sien en te hoor kry hier in ons studentelewe.


---

**Jacob van Ruisdael** 'n prominente figuur. Van hierdie Haarlemmer wat so lief was om monumentele landskappe met 'n grillige spel van sonlig en skaduwee te skilder, was daar twee werke naamlik 'n „Gesig op Haarlem" en „Kasteel Bentheim."

Van **Adriaan van de Velde** was

(Vervolg op bladsy 3 kol. 1).

## IN OUDTSHOORN.



Toe die toerlede van die A.S.B. se vorige toer in Oudtshoorn kom, halfses die môre, is naarstiglik na die swembad gesoek—en 'n droë gevind! Die studente het hulle toe maar op die duikplank vermaak. I.v.m. vanjaar se toer sien bl. 4.

# HOLLANDSE EN BRITSE KUNSSKATTE BY VAN RIEBEECK-FEES.

## *Suid-Afrika sal so-iets nooit weer Sien nie.*

**Dit gebeur nie elke dag dat Suid-Afrikaanse kunsliefhebbers die geleentheid gebied word om 70 Hollandse en Britse meesterstukke met een slag te besigtig nie. Hierdie unieke geleentheid is egter tydens die Van Riebeeck-fesvierings in Kaapstad gebied.**

Dit is die eerste keer dat belangrike kunsmuseums van Europa besluit het om kunswerke na Suid-Afrika te stuur.. Onder andere het die volgende openbare liggame skilderye geleen: **Die Rijksmuseum**, Amsterdam; **Die Mauritshuis**, Den Haag; **Die British Council; Ferenskuns galery**, Hull; **Victoria and Albert-museum; Die Stadsgalery**, Glasgow; **Die Tate-galery, Londen**; en **Die Nasionale Galery** van Skotland.

Die skilderye is vanaf 9 Februarie tot 6 April in Die Nasionale Kunsmuseum van Suid-Afrika in Kaapstad uitgestal en van die stukke uit Holland is op die oomblik nog in die Johannesburgse Kunsmuseum te sien.

Daar bestaan 'n neiging om te glo dat 'n mens vandag as gevolg van die vordering wat gemaak is met die tegniek van afdrukke maak, 'n kunswerk behoorlik uit afdrukke kan leer ken. Tog is daar in die ou meesterstukke 'n gehalte van materiaal en deursigtigheid van kleur wat geen afdruk op papier kan weergee nie, en dan is daar natuurlik 'n sekere atmosfeer wat om 'n oorspronklike meesterstuk hang wat die moeite werd is om te beleef.

### Skilderye van die Britse Skool 1730-1840.

Hierdie afdeling van die uitstalling is deur die **British Council** gereël. Ongelukkig was dit weens beperkte tyd en fondse onmoontlik om hierdie uitstalling heeltemal verteenwoordigend van die tydperk te maak. Nietemin was daar voorbeelde van 'n tydperk waarin Britse skilderkuns rypheid en onderskeiding verwerf het.

Onder die 32 Britse skilderye was daar werke van **John Constable, Thomas Gainsborough, William Hogarth, Lawrence, Raeburn, Joshua Reynolds** en die voortreflike **John Turner.**

### Hollandse Skilderye van die 17de Eeu.

Onder die uitstaande skilderye van hierdie afdeling was daar drie van **Jan Vermeer van Delft** wat besonder mooi was. Sy bekende „Dame besig om 'n brief te skryf" is deur die Beitversameling geleen en is omtrent £30,000 werd. Van die Rijksmuseum was daar Vermeer se ewebekende „Die Brief," een van sy vroeëre werke. In beide gevalle is die tema tipies van Vermeer en die Hollandse Skool en is hulle voorbeelde van Vermeer se egte en oorspronklike kuns.

Van **Frans Hals** was daar twee besonder interessante werke, naamlik die welbekende „Vrolike Drinker" en 'n „Luitspeler". Beide hierdie werke is voorbeelde van Hals se fyn aanvoeling vir kleure.

Van die groot aantal leerlinge van Jan Vermeer is **Metsu, Jan Steen** en **Pieter** de Hooch verteenwoordig. Van laasgenoemde is daar 'n tipiese „Interieur" en „Binneplaas in Delft."

**Van die groot meester Rembrandt van Rijn was daar drie skilderye; een klein doek wat Jesus in die Tempel voorstel en twee groteres: een van sy seun, Titus, in die drag van 'n Franciskaner-monnik en 'n vermoede selfportret uit sy latere leeftyd. Albei hierdie doeke is 31¼ x 26¾ duim groot. Hoewel nie een van hierdie skilderye onder Rembrandt se belangrikes tel nie of verteenwoordigend van hom is nie, is hulle baie indrukwekkend—veral die selfportret—hoewel die verf plek-plek al verweer is.**

Onder die 17de Eeuse landskapskilders van Holland is

(Vervolg in kolom twee).

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

KOM SIEN ONS—
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede
GEEN & VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

J. TOD SUTTIE
KOMPLETE
Mans-uitrusters
vir al u
KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.
127 Kerkstraat,
Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOM

**T. WEVER**
BOEKHANDEL
en
ANTIKWARIAAT
vir al u
Wetenskaplike
Boeke
—:o:—
Volkskasgebou
Telefoon 1164.
Kerkstraat 62.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.

Drink en Geniet
**S & S**
Super Dilla
en
Super Orange
**Sherr & Shakinovsky**
AUTO LAAN
Foon 16

## *Van S.R.- Weë*

Die Studenteraad wil sy dank en waardering uitspreek teenoor ons studentegemeenskap wat weereens met die afgelope intervarsity getoon het hoe om as ware P.U.Kaners op te tree. U het die naam van u inrigting hoog gehou en ons leuse uitgeleef. Ons is met reg trots op u.

* * *

Aan die **Volkspelelaer** wil ons ons gelukwensing oorbring met die beker wat hulle verower het. Nieteenstaande die laer nog maar baie jonk is, het hulle gewys wat in 'n kort tyd gedoen kan word.

* * *

Vir die afgelope drie jaar het die Studenteraad vir die eerstejaars die brosjure-boek afgerol. 'n Kommissie van die S.R. is nou egter besig om die brosjure-boek persklaar te maak, om voor die end van die jaar 'n nuwe boek te publiseer. Met die oog hierop wil ons 'n beroep doen op al die klubs en verenigings om te sorg dat hulle konstitusies in orde kom, indien daar veranderings te doen is.

* * *

Verskeie kere het daar al klagtes by die Studenteraad ingekom dat sekere persone met hulle kleurbaadjies op Sondag ry-loop. Afgesien van die feit dat ons ry-loop op Sondag afkeur, wil ons tog 'n beroep op u doen, om baie streng te waak op die gebruik van ons kleure.

J. LIGTHELM
(Voorsitter).

## *KORRESPONDENSIE*

### Oordrywing van die Amoreuse?

Universiteit,
Potchefstroom.
8 Mei 1952.

Geagte Redakteur,

Vanaand loop my gemoed oor. Ek het opgekrop en opgekrop maar nou moet dit uit. Ek is self ook baie lief vir die ou meisietjies, maar wat te erg is, is darem te erg. As ek my oë opslaan, en ek slaan my ou volkie gade, dan word my oë mistig.

Kyk, ek reken nou net so: Hier is party manne wat op die P.U. vir C.H.O. net leef om te sleep en sleep om te leef. Waar gaan my ou volkie heen? (Spykerbankies toe!)

,Enige regdenkende persoon sal erken dat eenkeer per week sleep heeltemaal voldoende is om die amoreuse in stand te hou. Maar wat vind ons vandag? Eenkeer per aand word daar gesleep en dan nog gaan sommige sover om oordag ook te sleep. By hierdie tyd is dit seker duidelik vir die leser dat die doel van hierdie brief is om hierdie ongebalanseerdheid in ons studentelewe aan die kaak te stel.

Op die oomblik is dit so dat slepery, spykery en al die ongeaarde gewoontes wat hiermee gepaard gaan die hooftema vorm van die denke van byna elke student, hetsy manlik of vroulik.

Moet nou nie dink dat hier beweer word dat elke student hier 'n swak inbors het nie maar wel dat die heersende atmosfeer ons studente wat nog **probeer** om balans in hul geestelike lewe te hou so beïnvloed dat dit nie lank is of die dames bly weg van funksies as hulle nie gesleep word nie en die mans wat nie gekys is nie d.w.s. die wat nie 'n „spykerlaaisens" het nie, in hul kamers lê en dink hoe hulle so gou as moontlik 'n ou los „Spykerdingetjie" kan optel.

Al oplossing vir hierdie wantoestand is 'n drastiese inkorting van die sleeptye en die beoefening van 'n greintjie selfbeheer by mans en dames.

Dankie vir plasing.
SUUR DRUIWE.

### Die „daarvoor" aangewese plekke."

Universiteit,
Potchefstroom.
7 Mei 1952.

Meneer die Redakteur,

Dit is my 'n behoefte van die hart om 'n saak wat na aan die hart van elke individuele student (veral die slepers) van hierdie inrigting lê, te berde te bring.

Eers wil ek u net wys op 'n bepaling wat deur die owerhede as besonder prominent opgeteken is in die reglement van die koshuise. Dit is naamlik bepaling No. 14 wat lui: „Op koshuisterrein mag dames en here alleen met besoektye mekaar geselskap hou **en dan alleen op die daarvoor aangewese plekke."**

Nou wil ek u in alle beskeidenheid vra na watter aangewese plekke word daar verwys in die besondere bepaling. Kan daarmee dalk bedoel word die stukkies hout wat onder die bome lê as aanduiding van 'n vroeëre bestaan van bankies? As 'n redelike sedelike wese kan ek my hoegenaamd nie indink dat dit as die aangewese plekke beskou kan word nie.

As ek nou so by my venster uitstaar, en ek sien die snelle nadering van die snerpend-koue winter (Brrrr.) dan dink ek met weemoed terug aan jare gelede toe die gemelde stukkies hout nog sitplek gebied het vir die natuurlik-aangebragte kussings van die corpus.

Nou word ons deur omstandighede oftewel oorblyfsels van bankies daartoe gedryf om op ongeoorloofde plekke (?) ons liefde teenoor mekaar te betoon.

Graag sal ek nou wil verneem of daar nie 'n moontlikheid bestaan om die daarvoor aangewese plekke te herstel nie.

Daarmee is die probleem van die naderende koue nog nie opgelos nie. Ek sal graag wil hoor of my mede-studente nie raad in die verband kan gee nie.

Dankie vir plasing,
FAIBIN DE VIS.

[Alles wys daarop dat u nie ook meer kys nie.—Red.]

*DAMES, BESOEK*
LE CHARME
DIE MODERNE DAMES MODESAAK.
NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE
'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur," maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry
10% korting op alle inkope.

# *Die Wapad.*

16 MEI, 1952.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. T. Herselman.
**Administrasiehoof:** J. J. Bekker.
**Tegniese Adviseur:** Jacs. van Rooy.
**Hulp-Adviseur:** R. van der Walt.
**Sport (Mans):** D. van der Supy.
**(Dames):** Mej. T. Struwig.
**Sosiale Aangeleenthede:** Mej. E. Breed.
**Varia:** D. F. Erasmus.
**Kuns en Wetenskap:** G. van den Berg.
**Fotografie:** L. J. Potgieter.
**Nuus:** F. R. P. de Bruyn.

## HOEKOM SO ONINTERESSANT?

**Hoekom is dit dat ons hier op Puk al minder en minder aandag skenk aan buitemuurse vermaaklikhede? Ek herinner my nog die dae toe ek so kort hier aangeland het toe ons nog sulke, tans archaïstiese, verskynsels soos braaivleise, funksies by die Dam, bokjolle op die grasperk e.d.m. belewe het. Vandag sien ons so af en toe, en meer af as toe, 'n soort van 'n bokjol. Hoekom kan ons nie meer aandag skenk aan staptoere, pieknieks, opelug-funksies en sulke dinge nie?**

Tydens die vakansies kry ons toere van Thalia, die Alabama, A.S.B.-toere ens. Maar hier het ons in elke geval te doen met net 'n groepie van ons studente. Met intervarsities kan ons tog so lekker saamwerk. Hoekom dan nie ook meer dikwels iets van 'n gesellige aard opdis nie? Al wat hier tans in dié rigting bestaan is 'n volkspele-laer. Maar hier het ons maar weer te doen met 'n organisasie, met bepaalde kleredrag en met 'n groot gesukkel om 'n saal in die hande te kry. En wat meer is, is ons nie almal lief vir volkspele nie.

Myns insiens lewe ons hier te streng volgens die een doel: opvoeding alleen in die akademiese rigting. Wat word van die sosiale sy van die lewe hier. Daar gaan talle en talle Saterdagaande verby waarin daar vir 'n mens niks anders te doen staan as sleep (dit kan nog gaan), werk (wat ongehoord is) en fliek—wat 'n mens op Vrydagmiddag kan doen.

Ek sal graag wil hoor of daar nie 'n plan onder ons studente kan ontstaan om hierdie sakie op te los nie.

## GEVAARLIKE TERREIN!

Ek waag my hierdie week op 'n baie gevaarlike terrein. 'n Mens weet nie of jy dalk uitgeskop of weggegooi kan word as jy teen party mense iets sê nie—in elk geval, ek waag dit.

Ek wil naamlik praat oor die sekere klompie kêrels wat gewoonlik die laaste vesting van die Hoofgebousaal volstaan of volsit met al wat 'n vergadering of 'n ding is. Dit skree en gaan te kere hier van agter af en die Voorsitter of spreker word bestook met **„raak sêgoed"** dat dit 'n naarheid is.

En vra tog een van hulle om 'n bedanking te doen. Dan straal die hele agterste ry, soos fosfor in die donker, van belangrikheid. Die bedanker lewer dan eers 'n hele toespraak (waarin veral hy en sy vriende „shine" vang) waarin hy dan sulke snaakse dinge sê dat hy moeilik sy eie lag kan hou.

Nouja, in werklikheid is hierdie ou klompie niks en was hulle nog nooit iets nie. Of hulle belangrikheid te wyte is aan meeste van hulle se eerstejaarskap op die „skool" (oftewel die „factory") is moeilik om te verklaar—'n mens wonder maar net.

Ik heb gezegt!

DALU.

Ed. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE

BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.
KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

TOETS JOU OË
by
**M. SINGER**
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.

# DR. PRAAMSMA VOOR KORPS.

## ATHANASIUS VADER VAN DIE REGSINNIGHEID

Die lede van Korps Veritas Vincet het op Sondagmiddag 20 April die voorreg gehad om deur **Dr. Praamsma**, 'n predikant uit Groningen, Nederland, en die afgesant van die I.C.C.C. (International Council of Christian Churches) toegespreek te word.

Die spreker het op 'n onderhoudende wyse die lewensgeskiedenis van die regsinnige Athanasius behandel, en in duidelike taferele veral 'n paar hoogtepunte in sy lewe geskets—hoe hy deur die Biskop van Alexandrië aangeneem en grootgemaak is; sy geweldige stryd teen Arius; sy verbanning en seëvierende terugkeer en die uiteindelike algemene aanvaarding van die beginsel van die Drieëenheid.

Voorts het Dr. Praamsma gewys op die betekenis van die regsinnigheid, waarvan hy die vader was. Die verwarring wat ontstaan wanneer die regsinnigheid aan die vrysinnigheid prysgegee word, is bedenklik, soos te verstaan is as ingesien word dat vir die liberalis die beslissing van sy beperkte menslike verstand deurslag gee. Hy het die woorde aangehaal van 'n Sjinees na aanleiding van die verbanning van 100 „Christelike" sendelinge uit Sjina. „Die helfte van hulle kan ons net so goed sonder klaarkom, want die het die evangelie nooit hier gebring nie, maar alleen die weg gebaan vir die kommunisme."

# P.U. SE EERSTE GRADEDAG

**Na vele organisasiewerk is die eerste gradedag van die Potchefstroomse universiteit uiteindelik op 19 Apri 1952 van stapel gestuur. By de 200 graduandi het graad ontvang, o.a. 10 doktorsgrade.**

Die hoofrede is waargeneem deur mnr. **H. S. van der Walt**, sekretaris van onderwys, kuns en wetenskap. Hy het onder andere gewaarsku teen die skepping van nuwe fakulteite wat baie geld mag kos en veral gewys op die oordeelkundige keuse van sulke fakulteite.

Interessant genoeg is die feit dat aan **dr. J. L. Steyn** die graad D.Litt. toegeken is deur ons geagte kanselier, **Totius**, en dat dr. Steyn se proefskrif juis gaan oor „Totius as psalmberymer."

Die universiteit het ook vir die eerste keer van sy eie bande en kleure gebruik gemaak.

Die namiddag is 'n suksesvolle onthaal vir gaste en graduandi gereël. Die dag is afgesluit deur 'n groot volkspele-aand in die gimnastieksaal.

**Ons kan nie nalaat om hier die naam van ons geagte rektor, prof. J. C. van Rooy, te meld, wat van die Vrye Universiteit van Amsterdam 'n ere-doktorsgraad ontvang het nie. Dit is voorwaar 'n unieke eer en prestasie en ons almal wens u van harte geluk, Professor!**

Ook aan alle graduandi gaan ons hartlikste gelukwensinge.

---

(Vervolg vanaf bladsy een).
daar ook 'n ietwat romantiese landskap met die kunstenaar en sy gesin op die voorgrond.

Een van die mooiste skilderye in die uitstalling is seker **Nicolaes Maes** se „Tafelgebed" wat seker hierdie leerling van Rembrandt se meesterstuk is. Soos sy leermeester word Maes ook gekenmerk deur sy geheimsinnige spel van lig en skadu. Die teerheid van hierdie skildery is beide elegant en diepgaande.

Hierdie skilderye is, op 'n paar na, geskilder deur persone wat ten tye van Van Riebeeck se landing aan die Kaap geleef en gewerk het. Hierdie grootkunstenaars, tyd- en landgenote van ons volkstigter, behoort tot een van die roemryke tydperke van die Europese kuns.

* * *

[Die redaksie van „Die Wapad" wens hul hartlike dank teenoor ons verteenwoordiger, mnr. G. v.d. Berg, uit te spreek vir die noukeurige en interessante wyse waarop hy die twee berigte oor die fees aan ons kon meedeel.—Red.]

# SUID-AFRIKA HULDIG VOLKSPLANTER

(Vervolg van vorige uitgawe)

Dinsdag was die dag vir die jeug en een van die mooiste masse - liggaamsoefening-demonstrasies wat die land nog ooit gesien het, is deur leerlinge van Kaapse skole gelewer.

Op Woensdag is die stadion tot die beskikking van die kleurlinggemeenskap gestel, wat 'n uiters interessante program gebied het.

**Donderdag en Vrydag se programme het baie ooreengekom en seker die hoogtepunte van die fees gevorm. Gedurende beide oggende was daar die veelbesproke historiese optog. Die doel hier was om deur middel van vlotte en ander groepe hoogtepunte uit ons geskiedenis voor te stel—van die vroegste tye tot na die Tweede Wêreldoorlog. Altesame was daar 143 vlotte en groepe.. Aan die optog het verder 1500 mense, meer as 400 perde, 'n paar ekstra steeks donkies, 'n paar spanne osse en 6 bokke deelgeneem! Kleurryk, was die woord. Die 34 berede heroute en 35 vaandeldraers het seker die kleurrykste kostuums aangehad. Die dameskostuums uit die verskillende eeue was ook genoeg om menige vrou se asem weg te slaan, terwyl daar uniforms van ruim twintig verskillende tydperke en lande te sien was. In hierdie optog was die Sandrivier Konvensie-sierwa deur Puk aangebied.**

Gedurende die middae van dieselfde twee dae was dit die beurt van die 43 sierwaens van die hede.

Nog 'n item waarna almal uitgesien het was die reuse-volkspelevertoning in die stadion — gereël vir Donderdag- en Vrydagaand. Weens reën moes die program van Vrydagaand uitgestel word na Saterdagmiddag. Hierdeur is die geleentheid gebied om die volkspele beter te sien as wat die geval sou gewees het as dit in die aand sou opgevoer

(Vervolg in volgende kolom).

word. Die volkspele waaraan 3,000 spelers deelgeneem het, is voorafgegaan deur groepe wat volkspele van die hoofstamlande van Suid-Afrika, gespeel het, van hierdie groepe was veral die Duitse volkspele mooi.

**Die simboliese landing van Jan van Riebeeck op Saterdag 5 April was natuurlik die klimaks van die verrigtinge, maar weens die afgeleënheid van Grangerbaai waar die landing plaasgevind het, was die gewensde grootskare mense nie aanwesig nie.**

Behalwe hierdie deel van die feesvierings was daar ook o.a. die grootste skou wat nog in Suid-Afrika vertoon is en wat drie- tot viermaal so groot was as die „South Bank Exhibition" van die onlangse „Festival of Britain." Die belangrikste gebou in die skougronde was die onlangs-voltooide goedereloods van die spoorweë. Hierin was daar sowat 400 uitstallings van Suid-Afrikaanse Nywerhede te sien. In die skouterrein was daar ook die model van die Markplein van Culemborg, die dorpie waar Jan van Riebeeck in 1618 gebore is. Ook was daar die Engelse modeldorpie, „Much Binding in the Marsh." In beide hierdie dorpies was daar 'n rustigheid in de atmosfeer wat aan die ouer wêreld behoort. Hierdie dorpies is dan ook druk besoek, veral by die Engelse dorpie was die toeloop na die „local pub," waar bier sommer op die egte ou manier uit die vat getap is, sterk!

Dan was daar natuurlik ook die pawiljoene van die vier provinsies, die Rhodesiës en Suid-Wes-Afrika; almal waarvan 'n besoek werd was. Besonder interessant was ook die pawiljoen van die goudbedryf en die pawiljoen van die diamantbedryf.

'n Besondere besienswaardige plek, veral gedurende die fees, was die ou Kasteel wat vlak by die feesterrein geleë is. Paslik genoeg was hierin uitgestal die 8 skilderye van Van Riebeeck en sy familie sowel as ou sketse, skilderye en kaarte van Tafelbaai uit die Februarie-versameling van Africana.

Op Sondag 6 April is die fees amptelik afgesluit deur dr. Dönges en die grootste fees in die geskiedenis van Suid-Afrika het ten einde geloop. Min van ons sal weer die geleentheid hê om 'n Van Riebeeck-fees te sien.


ONS VERSKAF DIE VOLGENDE P.U.-KLEURE:

- Kleurbaadjies (a) KLAARGEMAAK .... .... £8/5/0
  (b) SNYERSMAAK.... .... .... £9/7/6
- Voetbaltruie
- Voetbalkouse
- Alle Sportbenodigdhede

U IS ALTYD WELKOM BY ONS.

UNIE-WINKELS BPK.

Foon 22-4746. Kerkstraat 45a, JOHANNESBURG

KLERASIE vir die huisgesin

Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.

GROOT WAARDE!

KLEIN PRYSE!

Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.

BLACK EN KIE, BPK.

PLAZA TEEKAMER

Foon 249 Kerkstraat 105 POTCHEFSTROOM.

Studente!

U word beskou as eregaste in die

• PLAZA •

en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.



Hierdie bekende Rembrandt-figuur simboliseer dit wat betroubaar en die moeite wêrd is in tabakvervaardiging. Dit staan vir Rembrandt kurk, ongekurk en Filter de Luxe, en ook Rembrandt VAN RIJN, die ideale dineesigaret—name opreg beroemd vir die uitstaande kwaliteit wat dit aan rokers bied.



ELKE REMBRANDT-SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kopieraq R.A. 105

# DIE A.S.B. GAAN WEER TOER!

## NATAL HIERDIE KEER DIE MIKPUNT

### BAIE PRET IN VOORUITSIG GESTEL

**Baie van die lesers onthou nog seker die A.S.B. se binnelandse toer deur die Boland wat gedurende Desember 1951 plaasgvind het. So nie, vra maar van die persone wat deelgeneem het: hulle sal u wel een en ander kan vertel.**

Nou word daar weer vir die eerste twee weke van die Julie-vakansie 'n toer langs die kusstreke en berglande van Natal in die vooruitsig gestel. Alleen diegene wat al saam met so 'n studentetoer was, kan 'n idee vorm van die heerlike, uitbundige pret wat dit bied. Die studente van die vier Afrikaanse Universiteite wat deelneem( vind mekaar gewoonlik sommer by die bymekaarkomslag gawe kêrels en nôiens!

Dit is nou te begrype dat so 'n groep studente weet hoe om die tyd om te laat vlieg net waar hulle kom. Om alles te kroon, toer die groep in luukse-busse, wat spesiaal vir dié doel gehuur word, deur die natuurskoon van Natal; of hulle geniet die warm wintersdae langs een of ander strand digby of verder van Durban af.

Die losiesplek is die Durbanse universiteitskoshuise. Verdere besonderhede sal op die plakkate en pamflette te sien wees, of by die verspreider te hoor wees.

Die alles-insluitende onkoste sal £18 15s. beloop.

**Ons kan u terloops net in die oor fluister dat dit nou 'n kans is vir 'n vakansie-duisend.**

## *Liefhebbers van Erna Sack!*

Woensdagaand, 7 Mei, het **Madame Erna Sack** haar tweede konsert in Potchefstroom gehou. Soos u weet was sy gedurende 1949 ook hier in ons midde, met 'n skitterende konsert en 'n stampvol saal wat haar nie 'n groot genoeg applous kon gee nie! En sy het dit werklik verdien—sy was mos die Duitse Nagtegaal! Woensdagaand, een van die koudste aande tot nou toe, het **Erna Sack** weer voor die Potchefstroomse publiek opgetree.

Het sy verander? Ja—sy het ouer geword; en tóg sy is nog steeds onoortrefbaar in haar weergawe van wiegeliedjies van, onder andere, **Mozart** en **Brahms**, en die **Ave Maria** van **Schubert**, en nog vele ander ligtere klassieke werke, sowel as arias, byvoorbeeld die **Linda's Aria** van **Donizetti.** Maar, dit is tog so jammer dat die wonderlike C bokant die hoë C nou nie meer met soveel gemak deur Erna Sack aangedurf word nie! Die rede is: sy word nou darem te oud, om te kan bereik wat sy tot tien jaar gelede nog kon bereik. Sy besit nog steeds die skitterende verhoogspersoonlikheid wat al dadelik haar hele publiek se harte steel! En, sy is nog net so mooi soos altyd—al is sy ouer. Erna Sack sal baie se gunsteling bly!

# MUSIEK VAN NUWE ALMA MATER VIND GROOT. BYVAL.

## MNR. M. C. ROODE KOMPONEER GEWILDE MELODIE.

**Ons ken al almal die pragtige melodie wat mnr. M. C. Roode vir ons nuwe Alma Matter gedig deur mnr. S. J. Pretorius gekomponeer het.**

'n Mens wil nie graag oordeel as jou kennis van musiek nie te goed is nie maar dit sal seker algemeen gevoel word dat ons die lied 'n bietjie te swaar en te stadig dink. So'n pragtige sterk sangstuk deur mans sal baie mooier wees as dit net 'n ietsie minder somber en swaar gesing word.

**Ook van die kant van die studentemassa wens ons hiermee ons hartlike dank oor te dra aan mnr. Roode. Ons is bly dat ons sulke talent onder ons het.**

Dit sou miskien baie goed wees as die woorde van die Alma Mater weer 'n keer gepubliseer word. 'n Mens vind dat daar nog heelwat mense is wat die hele gedig se woorde nie ken nie. Leer dit tog maar.. gerus! Dis.. nie

(Vervolg vorige kolom.)

**NUWE ALMA-MATER. LIED.**

**„Gebore uit die nag van smaad**
**sien ons jou staan as Wondaad,**
**bokant die hoëveld oop en wyd:**
**„Dis hier waar ons studente leer**
**tradisies van hul volk te eer,**
**om mense uit een stuk te wees**
**gesond na liggaam en na gees.**
**Refrein: In al ons handel, spel en werk**
**hoor ons jou roepstem magtig-sterk**
**van liefde en geloof en hoop.**
**Skoon gaan die toekoms voor ons oop,**
**trou deur die nag die koers gerig,**
**want „in U lig sien ons die Lig."**

# REDENAARSKOMPETISIE LOOP GOED AF

**Op Vrydagaand, 9 Mei het die lebatsbestuur hul jaarlikse redenaarskompetisie van stapel gestuur. Nadat ses sprekers opgetree het, is mnr. Jaap Helberg aangewys as die wenner met mnr. Willie du Plessis in die tweede plek.**

Die sprekers was almal baie goed voorberei en oor die algemeen het die voordrag min te wense oorgelaat, behalwe die feit wat deur een van die beoordelaars, **dr Swanepoel,** genoem is: die mense skenk te min aandag aan die geestige. Wat die inhoud van die toesprake betref, is 'n mens geneig om saam met **prof. Labuschagne,** die ander beoordelaar, te stem dat dit 'n mens baie aan die seepkis-opsweeprede-naars laat dink. Ons he te veel gehoor van die euwel waarteen wyle **genl. Smuts** gewaarsku het en dit is dat ons die volk se verlede romantiseer en daardeur die toekoms idealiseer.

Almal is dit seker eens met die beoordelaars dat **mnr. Helberg** hom die beste van sy taak gekwyt het en ons wens hom van harte geluk.

(Vervolg van volgende kolom).

meer honderd jaar voor intervarsity teen Tukkies nie en dink net hoe mooi sal ons nuwe Alma Mater klink as 'n paar honderd Pukke dit laat weergalm oor Park Olën!


**EXCELSIOR MEUBELS**

**Kerkstraat 132. Foon 743.**

**POTCHEFSTROOM.**

Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne

**MEUBELWINKEL IN WES-TRANSVAAL**

te kom besigtig.

Dit sal vir u 'n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

**ELKE DAG VARS!**

**TURKSTRA SE BAKKERY**

**BROOD en alle KOEKSOORTE**

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

**CORNER FRUIT STORE**

Hoek van—Corner of
**Kerk- en Retief Sts.**

| For— | Vir— |
|---|---|
| Better Fruit and Vegetables | Beter Vrugte en Groente. |

Phone—118—Foon

**P. W. BUYS**

U vertoonwoordiger van

REMBRANDT.


**Kockstraat 28. Telefoon 897, POTCHEFSTROOM.**

CLASSIQUE MODES

Steeds die

DEFTIGSTE MODESALON van Potchefstroom.

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



*Waar u ook* **mag wees**

**Kommando**

**Suid-Afrika se** *gewildste* **sigaret**



* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3072

# Hades Redivivus

## Aliquid Ante Rem Dico.

Machavie se stasiemeester speel 'n baie belangrike rol in hierdie wette. In die dae toe Brommerpan nog 'n eie „fies en kieps"-kêffie gehad het (tussen hakies dit was eers Machavie) het **Kieriebout „Wine"** altyd **Espee** se piejakkies blameer dat **Enrieko** se stem gekorrigyt was. U sal dink dat dit niks met die saak te doen het nie, maar die genoemde piejakkies was aansporing tot die groot ontsporing van TX-666 in Ventersdorp se bebosde hoofstraat.

Die wette is met koepons uitgeneem in 1933 se melkskaarste toe bokooie en donkiemerries van die mark verdwyn het weens hulle hoë prys.

Nog net dit: By Walvisbaai het 'n whiskybottel uitgespoel waarin hervat is die bewoording van Liepesius se kombuismeidformuliere wat sy onbetwisbare invloed gehad het op oudstryderspensioen met spesieyale verwysing na **Wullie Slapperd** en ander pêrre van wie die buste geghries is vir die ontkoming van Wet No. 3, en **Huybrecht van der Dalshelle** waarvan die onderhemp nog wapper voor Klein-H...... se voorraadskure.. Wet no. 4 het ontstaan uit die voortsetting van al hierdie ellende.

## Aanklag: Volgens Wet No. 3.

Hierdie padvark, hell-driver, roadhog, T.J., is 'n gevaar en 'n belediging vir die kroos van die ouhere. Hy beweeg hier op alle maniere onder invloed en bewys nie die nodige attensies nie.

## Verdediging.

Have mercy on a drunkard! ... Siet hom aan met sy bycycle-ball-eyes . . . hy is ongeleerd.

## Wet: No. 3.

**Verkeers- en Veepesregulasie Wet.**

Wanneer 'n ouheer 'n groene drel sal passeer op enige weg, uitweg, oorweg, ingang, uitgang, oorgang, poort, kanaal, spleet, skeur, opening, kloof of deurgang dan sal die genoemde drel sy stinkende corpus streng terugtrek of reserveer tot die oue vader verby is en die spoed van genoemde drel sal seer zero wees, terwyl die hoofbedeksel oftewel hoofbeskutsel, tot die minimale hoogte van twee (2) el gelig moet word.

## Vonnis.

Jou Bolsjewik, jou insolvente Arabiese Speik, jou Fietnim-rebel, jy wat die loopgange van hierdie kontrei versteur met die stinkende aroma van 'n vermufte Matriekprefek, met die uitgekalfde trots van 'n kadetoffisiertjie . . . eensame opsluiting vir dertig dae en dertig nagte sonder ophou. Ryswater sal jou deel wees. Hic esse homo impodissima . . . captivum abduc.

## Aanklag: Volgens Wet No. 4.

Edelagbare hooggestrenge regter, hiermee is ek verplig om u die skadelike kruipende insek. Genoemde draak is op heterdaad betrap waar hy die genoemde aksies op die wyse van 'n slak op die ouhere wou uitvoer. 'n Opdringer, indringer . . . . 'n inkruiper.

## Verdediging.

Kan 'n slak help dat hy sleep, dat hy slym het, dat sy dop hard is, dat hy moet kruip? Kan 'n hen help dat sy eier lê?

## Wet: No. 4.

**Wet op Kommandowurms, Slak-Insekte.**

Dat genoemde drelle, dore, of kruisings van watter samevoeging of konkoksie hulle steeds voor oë sal hou dat hulle onintellegende, a-sosiale, glibberige, slymerige, sleperige lelle is, wat wanneer hulle die arms in die hoogte doen 'n veelheid van vlermuise en benerige gevlerktes tot ontsnapping noop, dat hulle hul corpusse streng sal reserveer om nie die stinkende aroma van 'n goedkoop viswinkel te versprei nie, dat hulle hulle derhalwe van alle aksies wat mag lyk na verfoeilike opdringing, indringing, inkruiping met die doel om hulle minimale agting op die wyse te verhoog of hulle posisie te verhef, dat hulle hul van sodanige aksies sal weerhou . . . welgedagtig dat hulle corporale verskynings ongunstig vergelyk met 'n klomp maer lokasiebrakke op 'n ashoop, welgedagtig voorts dat genoemde corporale verskynings wat herinner aan 'n klomp potensiële imbesiele uit die onderwêreld van Chicago, hulle sig aan die ou vaders sal voordoen op 'n uitsluitlike drakiaanse oftewel drelliese styl, wat inhou dat daar niks van bogenoemde kruiperige, slorserige, slymerige, viesige aksies in watter geringe mate ookal, toelaatbaar sal wees nie.

## Vonnis.

O skone jongeling . . . helaas, so sal jy nie weer aangespreek word nie . . . Jou aangesig sal lewendig afgeslag word en perdebye sal daarop doen wat hulle lus is om te doen.

Die topografie van jou oraal sal verdun, verdik, verswel, verwaai, verspoel . . .

Neem hom weg. Laat dit geskied. Kom wys hom weer as 'n voorbeeld . . . daarna is hy in julle hande. Maak met hom so.

## Conclutie.

. . . . . „Zies! Wat stonke dan so machtig erg! Wat voor ondelikaat geur steeg alhier in mijn geblokkeerd noosgaten in het dieptes op!" . . . .

Hierdie smartvolle gil van viese walging het die harige smoel van een van die opstellers van hierdie wet uit die codici van **Hades**, soos vervat in die liederlike perkament, ontsnap by geleentheid van die onbehoorlike passasie van 'n drel, 'n passasie waarby die proses van ordelike attensie en eerbiedige afstandsbewaring oftewel corpus-reservering, skromelik nagelaat is. Ja,, weereens blyk dit dat die waansinnige afkop juriste van Hadi nooit 'n

(Vervolg in volgende kolom).

klou aan die griffel van wetgewing laat klem het sonder direkte, indirekte, moedswillige, goedsmoedse, voorafbedagte, weloorwoë oftewel uitgedinkte redes nie.

Oor hierdie wet het een van die beroemde volksdigters van Hades, 'n inwoner van Visdamia, eenmaal toe die dowwe maanlig sy skurwe boepens belig en sy halwe harsing in aksie gestel het, in ekstase gesing: „. . . Gevrywaar, gevrywaar zijn wij nu! Een wet is gekomen opdat de drellen de oude vaders niet doet uitperse vanwege taaisis, enzovoorts; een drel die zijn hoed niet ligt om draaie, onverhoords, kan nu ja uitgegeven worden!"

# VAN ORAL EN NOG WAT

Van die Italiaanse komediant, Toto, is veral drie dinge bekend: (lank lewe die derde) (i) hy is wêreldberoemde as komediant, (ii) hy is as prins **Anthony de Curtis** opvolger van die bysantynse keiser is en (iii) sy toekomstige vrou, **Franca Faldini**, die bene (en ook die ander vorme) van 'n Venus het!

* * *

Die „Traumulus" is 'n ander baie interessante apparaat vir psigoanaliste. Deur hierdie apparaat word die droombeelde van 'n pasiënt op 'n silwerjodiedplaat geprojekteer en kan onduidelikhede d.m.v. elektriese impulse, waarvan die werking deur die polsslag van die mens gekontroleer word, verduidelik word.

* * *

Een van die interessantste onlangse Duitse patente is die sogenaamde N.S.U.-Dalli-rolskaatse. Aan elke voet van 'n persoon word so 'n skaatsapparaat, wat baie aan 'n klomp herinner, geheg. Binne in die apparaat is 'n motortjie van omtrent 24 c.c. Die hele ou sakie word d.m.v. 'n lang dun hefboom beheer, een waarvan aan elke „skoen" vas is en dan in die hand gehou word. Aanvanklik beweeg 'n mens glo soms etlike duime op 'n adner plek as op die rolskaatse!

* * *

Daar bestaan nou 'n stof wat die ultraviolet strale van die son deurbaat en so kan 'n mens 'n sonbad neem sonder dat jou vel wit dele vertoon. Deur 'n baaikostuum van „ultrayon" te dra, kan jy jou heerlik bruin laat brand van kop tot tone. Pasop net vir 'n flitskamera. Dit maak glo die stof deursigtig!

# RONDOM ONS IS 'N ROERING.

**Christa** neem glo deesdae by die Konservatorium lesse in dirigering. Daarby „swot" sy die lewensgeskiedenis van die bekende dirigent, **Sir Long John Fischer.** Sou sy miskien geïnspireer geraak het op die onlangse intervarsity?

—

**Lenie Meyer** soek deesdae nie meer parasiete onder die mikroskoop nie, maar bestudeer rotsformasies in die omgewing van die **Berg Lieben.**

—

**Tresia Snyman** wil graag weet of die spykerbankie by die Plantkunde-laboratorium te opsigtelik is vir minnaars.

—

**Antjie Geertsema** se oë het deesdae nie meer die honger, verlangende uitdrukking waarmee sy die slepers vroeër betrag het nie. Het **Hubert** se koms iets daarmee te doen?

—

**Hester Meyer** boer deesdae by die Puk se rotstuine, aangesien die aalwyne sopas begin blom het.

—

**Truia de Wet** is besig om 'n Bolander aksent aan te leer, sodat die Matie-nooientjie haar hand nie in die as kan slaan nie.

—

**Elsie van der Merwe** wonder teenwoordig of dit nie moontlik is om haar Huishoudkunde-kursus op die Proefplaas voort te sit nie.

—

**Rina Oosthuizen** doen haar bes om die Kalahari in 'n oase te omskep.

—

Na die afgelope sitting van die Hof van Hades kry **Welma** besondere hoë punte vir haar Nederlandse referate.

—

Waar die „non-stop entertainment" vroeër op die Puk van 2.00 n.m. tot 7.30 n.m. geduur het, het **Dottie** en **Doep** dit nou verleng tot van 8.00 v.m. tot 11.30 n.m.

—

**Christie Serfontein** se musiekkennis hou op by: „Kom, Kalie, laat ons gaan."

—

**Johan Visser** sê dat hy gewoonlik intervarsities geniet, maar dat hy deesdae 'n krater in dirigente het.

—

Uiters onverstaanbare dinge vind in die laaste tyd plaas: die mense kys by dosyne terwyl 'n mens vanweë die naderende winter tog die teendeel verwag. Was dit nou huwelike, was dit 'n ander saak!

—

Ek het onlangs eers uitgevind hoekom die nuwe voetbalvelde nie in gebruik geneem word nie. Hulle is—as 'n mens op 'n Saterdagaand daar verbystap kom jy tot die gevolgtrekking—blykbaar nie vir dié doel daar aangelê nie. 'n Perdevel, die maanlig, die rivier en die wilgerbome daar anderkant, 'n oulike, sportiewe nôientjie hier langs jou!! Watwo voetbalveld! Of hoe sê ek, Myburgh?

W. J. GROBBELAAR,
Mans- en Dames-Haarkapper
**Kerkstraat 97. Foon 330.**

Probeer ons beroemde
**JAMAL MASJIJENLOOS PERM**
Bekwame Mans-afdeling.
**Sigarette en Fantasie Goedere.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

**Studente!!!**

Vir al u
**HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.**
besoek ons en wees verseker van goeie diens.

**UNIE-BOEKHANDEL**
(Edms.) Bpk.
**KERKSTRAAT 90.**
**Foon 497.**

**GILFILLAN EN STROH**
**POTCHEFSTROOM.**
FIETSE EN
FIETSREPARASIES

C. VAN DER MERWE
**Kerkstraat 93, Potchefstroom.**
**POTCHEFSTROOM.**
Waarom sad jy loop as jy kan ry?
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).
Bespaar
TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur
'n Fiets aan te skaf.

# DIT WOEL OP DIE SPORTVELD

## O/19 SPEEL PRAGTIG MET INTERVARSITY

### EERSTE SPAN VERLOOR NAELSKRAAP.

**Met die onlangse Intervarsity teen die Universiteit van die O.V.S. het die P.U. se O/19-span met uitmuntende spel voor die dag gekom om hulle opponente met 19 punte teen 6 te klop, nadat hulle met rustyd 6—3 agter was.**

Ons eerste span was baie ongelukkig om 12—11 te verloor toe U.O.V.S. in die doodsnikke van die wedstryd hulle opportunistiese wendrie gekry het. 'n Oorwinning vir die Oukies was teen die verloop van die spel.

Die sterk O/19-span van die Pukke het sommer vroeg die voortou geneem toe **Putter** 'n ratse skepdoel vanuit die Bennie Osler-hoekie oorklits. Ongelukkig het hulle gaandeweg verslap, sodat hulle met rustyd 6—3 agter was toe U.O.V.S. 'n drie behaal en 'n strafskop in punte omgeskep het.

**Nn rustydd was dit egter 'n ander storie. Die jong Pukke het losgeruk en die toeskouers op voetbal uit die boonste rakke getrakteer. Steenkamp, op die een vleuel, het ná 'n mooi lopie 'n drie in die hoek gedruk wat nie vervyf is nie. Putter het die P.U. verder laat voorloop toe hy 'n strafskop oorgesit het. Daarna was die gort gaar en Steyn de Jager en Jannie Coetzee het elk 'n pragdrie gedruk wat albei deur Putter vervyf is om die eindtelling op 19—6 te staan te bring.**

### EERSTE SPAN.

**Styger** se kêrels was uit die staanspoor hulle opponente vér oor. Dit was maar seker die Oukies se beurt om te wen. **Vellema** het sommer vroeg-vroeg 'n mooi drie in die hoek gedruk wat deur **Claassen** met 'n reuseskop vervyf is. **Hanson** het die agterstand vir die Vrystaat verminder toe hy 'n maklike strafskop oorgeskop het. **Basson**, die Oukies se knap losskakel, het kort hierna met 'n netjiese skepdoel die telling op 6—5 in die Vrystaters se guns te staan gebring.

Na rustyd het die Pukke gewoel en op U.O.V.S. se doellyn geboer. Dit het net kwaai-keer aan hulle kant gekos om die Theos-manne te verhoed om punte aan te teken. **Putter** het egter die P.U. laat voorloop met 8—6 toe hy met 'n strafskop geslaag het.

#### Opportunistiese Drie.

Kort voor die einde het Theos weer woes aangeval. Een van die Oukies het 'n lang skop veldaf gegee en **Nel**, hulle een senter, het die bal agternagesit, dit kort voor die doellyn opgeraap en 'n skitterende drie gedruk. **Basson** het U.O.V.S. se oorwinning verseël toe hy net hierna weer met 'n skepdoel slaag. 'n Minuut voor die einde is 'n strafskop aan die Pukke toegeken en **Prinsloo** het gesorg dat die P.U. slegs met een punt (12—11) verloor.

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

### ANDER VOETBAL UITSLAE.

| | |
|---|---|
| P.U. 3B klop P.U. 3D | 6—3. |
| P.U. 3A klop P.U. 3C | 17—3 |
| P.U. 3B klop P.O.K. 3B | 5—0 |

## INTERVARSITY-TENNIS

Hoewel dit taamlik koud vroeg in die oggend was, en ons gevrees het dat die wind soos elke Intervarsity nog die geval was, weer sou waai, was dit 'n ideale dag vir tennis. Hoewel die P.U. se tennisspan nie volkome opgewasse was teen die van die Universiteit van O.V.S. nie, het hulle nogtans goed vertoon en tennis uit die boonste rakke gespeel.

Wat die enkels betref, het **D. du Plessis** 6—3; 6—0 gewen; **Ben Schutte** gewens 2—6; 6—5; 6—1, terwyl die res van die span nie die pyp teen hul opponente kon rook nie.

Wat die dubbels betref, is baie mooi tennis en goeie samespel tussen die hele span, vertoon. Die eindtelling van die dubbels was: U.O.V.S.: 9 wedstryde.

P.U.: 5 wedstryde.

Van die vyf wedstryde het **Marasas** en **Coetzee** twee ingesamel, **Hauptfleisch** en **de Jager** een en **Schutte** en **du Plessis** ook twee.

Dit was 'n baie lekker Intervarsity!

HENNIE COETZEE (Kapt.)

## EERSTE MANSHOKKIE VERLOOR INTERVARSITY

**Die Manshokkiespan was seker die knapste verdedigers gedurende die hele Intervarsity. Hulle moes teen 'n span speel wat baie sterker en meer ervare was as hulleself, maar hulle het manmoedig bly staan onder die knap aanvoering van hulle kaptein, Bart de Wet, en met slegs 1—0 verloor.**

In die eerste liga-wedstryd hierna het hulle egter daarin geslaag om die sterk **Klerksdorpse** span met een doel teen nul te verslaan.

Die Intervarsity-wedstryd was 'n harde een en het aanskoulike Hokkie opgelewer. Die Pukke het uitgeblink in hulle knap verdediging. Net na rustyd was die aanslae van hulle teenstanders egter onkeerbaar en 'n doel is teen hulle aangeteken.

In die wedstryd teen Klerksdorp het die Pukke eweëens mooi saamgespeel, en na verneem word, het die Kaptein, **Bart de Wet** die wedstryd van sy lewe gespeel. **Jackie Strydom** het die P.U. laat voorloop toe hy 'n netjiese doel inge„skiet" het en hierdie voorsprong het hulle bly behou tot op die end.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

**J. P. V.D. WALT,**
L.F.V.
**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL
VIR BESTE DIENSTE.
**Von Wiellighstraat 7,**
**POTCHEFSTROOM.**

## DAMESHOKKIE

**Saterdag is 'n baie geslaagde hokkiedag gehou te Garnisoen toe sewe verskillende dame-hokkieklubs om 'n hokkiebeker meegeding het. Hoewel die dag baie koud begin het, het ons tog gedurende die dag baie aanskoulike hokkie gesien, veral die wedstryd tussen Klerksdorp en P.U. I.**

Twee spanne van die P.U. het deelgeneem en teen die einde van die dag se spel was P.U. I derde, en P.U. II vyfde. Die wedstryde het ook gedien as 'n voorlopige keuring vir Wes-Transvaal, en die volgende dames van P.U. is gekies om aan die finale oefeninge deel te neem:

**Mejj. S. van Schouwenburg, A. du Rand, R. Loedolff, T. Struwig.**

Die volgende is die uitslae van die eerstespan:

| | |
|---|---|
| P.U. I vs. Girls High .... .... | 1—0. |
| Witrand .... .... .... | 0—0. |
| Klerksdorp .... .... | 1—0. |
| Potch. Dorp .... | 0—0. |
| P.O.K. II .... .... | 3—0. |
| P.U. II .... .... .... | 6—0. |
| P.O.K. I .... .... | 0—0. |
| Blyvoor .... .... .... | 0—2. |

Al die Puk-dames het puik spel gelewer maar ons wil veral die tweede-span gelukwens met hulle volharding en goeie spel. Hou so aan Benoudes!

Volgens ons eerste-span-dames se spel Saterdag, kan ons aanneem dat hulle baie goed sal vaar in die liga-wedstryde, en daar hulle reeds Potch. Dorp met 3—2 geklop het, kan ons nog groot dinge van hulle verwag. Hulle het getoon waartoe hulle in staat kan wees, toe hulle P.O.K. I in 'n vriendskaplike wedstryd 5—2 die loef afgesteek het—en dit sonder hulle staatmaker vleuel **Rina Loedolff.**

Dames en Here!
Besoek vir nette behandeling
„DIE BULT HAARKAPPERS”
**Foon 1486.**
**Tomstraat 55 - Potchefstroom**

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL
**Kerkstraat, Potchefstroom**
vir
**STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE**
Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.
**“Steeds tot U Diens.”**
**Foon 363. Bus 149.**

**Beter Tabak ***
**maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se**
*gewildste*
**sigaret**




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-30